# BASF
The Chemical Company

# FENDONA® 6

Reg. No. L 5678; Act No 36 of 1947 **N-AR 0729**
W 130 053
For full particulars, see enclosed leaflet.
**A long lasting suspension concentrate contact and stomach insecticide for the control of malaria vectors, nuisance and biting flies, cockroaches (american and german), bedbugs, fleas, mosquitoes, hide beetle larva, fishmoths, stableflies, ants and Alphitobius larva and -beetle.**
Active ingredient: Alpha-cypermethrin (Pyrethroid) ............. 60 g / ℓ

Reg. Nr. L5678 Wet Nr 36 van 1947
**'n Suspensiekonsentraat kontak- en maaginsekdoder met 'n lang nawerkende aksie vir die beheer van malariavektore, hinderlike- en steekvlieë, kakkerlakke (amerikaanse en duitse), weeluise, vlooie, vismotte, muskiete, velkewerlarwes, perdevlieë, miere en Alphitobius-kewer en -larwe.**
Aktiewe bestanddeel: Alfa-sipermetrien (Piretroïed) ........... 60 g / ℓ

**Registered by / Geregistreer deur:**
BASF South Africa (Pty) Ltd.
(Co. Reg. No. / Mpy. Reg. Nr. 66/10235/07)
P.O. Box / Posbus 2801, Halfway House, 1685

**Manufactured and formulated by / Vervaardig en geformuleer deur:**
BASF Agro BV Arnhem (NL), Waedenswil Branch
Moosacherstraße 2, CH-8820 Waedenswil, Switzerland

**EMERGENCY NUMBER / NOODNOMMER 082-893-3643**
**UN / VN No: 3082** **App. code 22 / 01 / 01**

**1 ℓ**





**Batch Number / Lotnommer:**

**Date manufactured / Datum vervaardig:**

4 014348 441803

® Registered Trademark of BASF / Geregistreerde Handelsmerk van BASF

81037384 ZA 0118



~xmam1228205539.indd 1 02.12.2008 09:12:29

**WARNINGS**

- Concentrate is poisonous when swallowed and moderately toxic by skin contact.
- Not significantly hazardous to bees, various other beneficial pest parasites and predators and fish under field conditions, provided the product is used as directed.
- Do not spray over or allow drift to contaminate drinking water and water bodies such as dams, ponds, rivers, streams or fish hatcheries.
- Moderately toxic to wildlife.
- Store in a cool place away from food and feedstuffs.
- Keep concentrate out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Do not apply directly onto animals.
- Do not apply to surfaces where food is handled.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of a pest against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to the environment or harm to man or animal or lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or due to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

**PRECAUTIONS**

- Avoid eye splashes, skin contact by and inhalation of spray mist.
- Wear protective clothing: Overall, gloves and facemask.
- Wash with soap and water after use or after accidental skin contact.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or spraying or before washing hands and face.
- Prevent contamination of food, feedstuffs, eating utensils and drinking water.
- Remove pets and aquaria or cover aquaria.
- Thoroughly wash and rinse the spray equipment / containers / basins after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers and dams.
- TRIPLE RINSE empty container in the following manner: Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add these rinsings to the contents of the spray tank.
- Destroy empty container and do not re-use for any other purpose.

**DIRECTIONS FOR USE** USE ONLY AS DIRECTED

**Compatibility:** Do not mix **FENDONA 6** with any other chemical.

**Mixing instructions for spraying:**
Half fill the sprayer with clean water. Measure the required volume of **FENDONA 6** and pre-mix this with some water. Add this mixture to the water in the sprayer. Fill the sprayer with water to the required level and shake the sprayer well to ensure proper mixing or ensure continual mechanical or hydraulic agitation before spraying commences. Prepared spray mixture must not be left in the spray tank for any length of time e.g. overnight.

**General directions:**

- **FENDONA 6** is a long lasting suspension concentrate contact and stomach insecticide for the control of malaria vectors, flies, cockroaches, bedbugs, fleas, fish moths, mosquitoes, ants, hide and skin beetles and larvae and litter beetle and larva. The length of control depends on:
  - the insect species being treated,
  - the level of infestation,
  - the type of surface (or bed-net fabric),
  - whether the treatment is applied indoors or outdoors,
  - exposure to sunlight and weather conditions and,
  - depending on dosage rate, months of control can be expected indoors and on bed-nets, and several weeks outdoors under favourable conditions.
- **FENDONA 6** spray mixture is colourless and odourless and can be used indoors or outdoors, in and around homes, factories, hotels, shops, food handling and processing establishments, hospitals, schools, dairy parlours, pigeries, stables, poultry houses, dog kennels, refuse dumps and similar places where high levels of hygiene are required.

**Poultry uses:**

- **Poultry sheds:** All cracks, crevices and potential hiding places where the litter beetle may seek shelter must receive special attention. Ensure thorough wetting of all surfaces including vertical surfaces up to at least one metre above the ground. **FENDONA 6** will control but will NOT eliminate existing populations of litter beetles that have invaded and colonised the insulation of cavity walls or other protected places.
  - **Broiler sheds:** Should be treated before restocking with each new batch of chicks, i.e. after the clearing, cleaning and disinfecting operations have been carried out.
  - **Laying sheds:** Should be treated on a regular basis. Frequency will depend on the type of surface to be treated. Dropping and litter heaps may require treatment more often. New and empty cages can be treated BEFORE stocking with hens. DO NOT SPRAY THE BIRDS DIRECTLY OR ALLOW THE SPRAYMIST TO DRIFT OVER THEM.

**Malaria vector control:**

**Surface sprays**

- Use a sprayer fitted with a nozzle that will deliver coarse droplets at a low pressure. Do not spray at high pressure that will result in a spray mist.
- Ensure total coverage of all surfaces. All cracks, crevices and potential hiding places where mosquitoes may seek shelter must receive special attention.
- Allow spray to dry on treated surfaces before re-entering.

**Bed-nets**

- All nets need to be washed and dried before treatment. Some new nets are sometimes starched, and must therefore be washed first to remove the starch. Ensure that all traces of soap are rinsed out after washing and before treating with **FENDONA 6**, as alkaline soap residues could influence the persistence of the treatment.
- The volume of **FENDONA 6** to be used per bed-net is dependent on the length of time that control is required, as well as the size of the net.

| Months of control required (dose active ingredient) | Single bed-net (±12 $m^2$) | Double bed-net (±16 $m^2$) | Queen size bed-net (±20 $m^2$) | King size bed-net (±24 $m^2$) |
|---|---|---|---|---|
| 4 – 6 months (20 mg a.i. / $m^2$) | 4 mℓ | 5.5 mℓ | 6.5 mℓ | 8 mℓ |
| more than 9 months (40 mg a.i. / $m^2$) | 8 mℓ | 10.5 mℓ | 13.5 mℓ | 16 mℓ |

- Bed-net fabric, mesh size and accessories such as a roof, border or string ties, affect the volume of water needed to treat and thoroughly wet a net. Generally 30 mℓ mixture / $m^2$ is needed for synthetic materials (e.g. polyester) and 130 – 150 mℓ / $m^2$ for cotton.
- Rough guidelines for the amount of water needed to wet different size bed-nets are given below (it is recommended however that the exact absorption volume for each type and size of net be determined before treatment).

| Fabric | Single bed-net (±12 $m^2$) | Double bed-net (±16 $m^2$) | Queen size bed-net (±20 $m^2$) | King size bed-net (±24 $m^2$) |
|---|---|---|---|---|
| Synthetic material (e.g. Polyester) | 360 mℓ | 480 mℓ | 600 mℓ | 720 mℓ |
| Cotton | 1700 mℓ | 2250 mℓ | 2800 mℓ | 3400 mℓ |

**Mixing Instructions for treating bed-nets.**

- Use a suitable container / bucket / bowl / bag, that is large enough to hold the bed-net as well as the required amount of water.
- Treat nets outside or in a well-ventilated area and use gloves.
- Fill the container with the predetermined volume of water to fully wet the bed-net to be treated. Add the correct volume of **FENDONA 6** (see above) to the water and mix well.
- Soak the net in the mixture until it is thoroughly wet.
- Remove the net and allow excess to drip back into the container. (If the correct amount of mixture was used, there should be very little left).
- Allow the net to dry evenly by laying it on a bed or bedding (which helps to kill bedbugs) or on a plastic sheet outside in the shade.
- When net is dry, it may be hung over the bed.
- After treating nets, wash hands, arms, and container and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers and dams.
- The effect of the treatment will not be the same if the net is washed after treatment, and a re-treatment is advisable.
- Bed-nets treated with **FENDONA 6** will not be stained or have an odour after treatment and will not be more flammable.
- To treat several identical nets, a larger volume of mixture can be prepared by multiplying the volume of **FENDONA 6** as well as the volume water needed per net, by the total number of nets to be treated.

All spray applications must be made with suitable equipment that is in good working order and correctly calibrated to ensure the desired coverage for that particular method of application.

| PEST | DOSAGE | DIRECTIONS FOR APPLICATION |
|---|---|---|
| **HIDES & SKINS**<br>Hide beetle larvae<br><br>Hide beetle adults | 35 mℓ / 10 ℓ water<br><br><br>35 mℓ / 10 ℓ water | **Hides and skins:** Thoroughly wet all parts. Repeat treatment every 3 months or when necessary.<br><br>**Warehouse floors, walls and other surfaces:** Apply spray mixture to the point of run-off. Repeat treatment every 3 months or if necessary. |
| **MOSQUITO ADULTS**<br>(Including malaria vectors) | <br><br><br><br><br>40 – 85 mℓ / 10 ℓ water<br>(12 – 25.5 mg a.i. / $m^2$)<br><br><br><br><br>160 mℓ / 10 ℓ water<br>(50 mg a.i. / $m^2$)<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>20 mg a.i. / $m^2$<br>OR<br>40 mg a.i. / $m^2$ | Several months of control can be expected indoors at the highest dosage rates (160 mℓ / 10 ℓ water), but at the lower dosage rate only 4 – 6 weeks' control can be expected. The length of control is determined by the dosage rate and the type of treated surface. (See also **General Directions,** under **DIRECTIONS FOR USE** above)<br><br>Apply as a coarse spray to surfaces where insects settle in areas where re-sprays can be done every 4 – 6 weeks. Apply to point of run-off. Use higher dose rate for longer lasting control or where infestation is severe. Repeat if necessary.<br><br>**MALARIA VECTOR - SURFACE TREATMENTS**<br><br>Recommended for use as a surface spray on coarse surfaces (such as clay and brick internal and external walls, roofs and ceilings, e.g. thatched). Use this rate where applications can be made only **once or twice** during the malaria infection period of October to May. Apply as a coarse spray to the point of run-off by using 50 mℓ spray mixture / $m^2$.<br>If the applications will be made on smooth surfaces (such as glass and wood inside and outside the house) apply as a coarse spray to the point of run-off by using 25 mℓ spray mixture / $m^2$ by mixing 330 ml of **FENDONA 6** with 10 ℓ water. This will also result in applying 50 mg a.i. / $m^2$.<br><br>**BED-NET TREATMENT**<br><br>Mix the required volume **FENDONA 6** with enough water to wet a bed-net. Soak the net in the mixture until it is thoroughly wet. Use the higher rate for longer period of control.<br><br>For amount of **FENDONA 6** refer to **Bed-nets** under **MALARIA CONTROL** above.<br>See further information under **General directions** under **DIRECTIONS FOR USE** above as well. |
| **POULTRY SHEDS**<br>Lesser Mealworm /<br>Litter beetle<br>(Alphitobius diaperinus) | 40 - 85 mℓ / 10 ℓ water | Apply as a coarse spray to the interior surfaces of the sheds. Ensure thorough wetting of the floors, walls and other surfaces. Repeat if necessary. Use higher dose rate for longer lasting control or where infestation is severe. (See under **General Directions above**). DO NOT SPRAY THE BIRDS DIRECTLY OR ALLOW THE SPRAYMIST TO DRIFT OVER THEM. |
| **PUBLIC HEALTH:**<br>Adult house flies<br>Adult stable flies<br>Ants, Bedbugs<br>Cockroaches<br>(american & german)<br>Fish moths, Fleas | 40 - 85 mℓ / 10 ℓ water | Apply as a coarse spray or with a paintbrush to cracks, crevices and any place where these insects may hide and on surfaces over which they may crawl or settle. Apply to point of run-off. Use higher dose rate for longer lasting control or where infestation is severe. Repeat if necessary. |

## WAARSKUWINGS

- Konsentraat is giftig indien ingesluk en matig giftig deur velopname.
- Nie betekenisvol riskant vir bye, verskillende ander nuttige plaagparasiete en -predatore en vis onder veldtoestande met dien verstande dat die produk gebruik word soos voorgeskryf.
- Moenie oor drinkwater en watermassas soos damme, poele, riviere, strome of visteeldamme spuit, of toelaat dat spuitnewel daarheen waai nie.
- Matig giftig vir wild.
- Bêre konsentraat in 'n koel plek weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Moenie direk op diere aanwend nie.
- Moenie op oppervlakke waar voedsel hanteer word, aanwend nie.

**Alhoewel hierdie middel omvattend en onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, saambruikbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie, en die voorkoms van weerstand van 'n plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS

- Voorkom besoedeling van die oë, velkontak en inaseming van die spuitnewel.
- Dra beskermende klere: Oorpak, handskoene en gesigskerm.
- Was met water en seep na gebruik of toevallige velkontak.
- Moenie eet, drink of rook terwyl gemeng of gespuit word nie en alvorens hande en gesig nie eers gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Verwyder troeteldiere en vistenke of bedek vistenke.
- Was en spoel spuitapparaat / houers / emmers, deeglik uit ná gebruik en doen weg met waswater op so 'n manier dat dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Die leë houer moet DRIEKEER UITGESPOEL word soos volg: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi hierdie spoelwater by die inhoud van die spuittenk.
- Vernietig leë houer en moenie vir enige ander doel hergebruik nie.

## GEBRUIKSAANWYSINGS

GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

**Verenigbaarheid:** Moenie enige ander produk met **FENDONA 6** meng nie.

**Menginstruksies vir bespuiting:**

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Meet die benodigde hoeveelheid **FENDONA 6** af en meng dit vooraf met 'n hoeveelheid water. Voeg hierdie mengsel by die water in die spuittenk. Vul die spuittenk met water tot by die verlangde vlak en skud die spuittenk goed om te verseker dat die spuitmengsel behoorlik gemeng is, of verseker dat aanhoudende meganies of hidrouliese vermenging toegepas is, alvorens daar begin word met bespuiting. Aangemaakte spuitmengsel moenie in die spuittenk gelaat word vir 'n onbepaalde tyd, bv. oornag, nie.

**Algemene aanwysings:**

- **FENDONA 6** is 'n suspensiekonsentraat kontak- en maaginsekdoder met 'n lang nawerkende aksie vir die beheer van malaria vektore, vlieë, kakkerlakke, weeluise, vlooie, vismotte, muskiete, velkewerlarwes en -volwassenes, miere en Alfitobius-kewer en -larwe. Die tydperk van beheer word beïnvloed deur;
  - die insekspesie wat behandel moet word;
  - die vlak van infestasie;
  - die oppervlak (of bednet materiaal) wat behandel word;
  - of die bespuiting binne- of buitenshuis gedoen word;
  - blootstelling aan sonlig en algemene weersomstandighede en
  - afhangende van die dosis, kan onder gunstige toestande, verskeie maande se beheer binnenshuis en etlike weke buitenshuis, verkry word.
- 'n Spuitmengsel van **FENDONA 6** is kleurloos en reukloos en kan derhalwe gespuit word buite- of binne wonings, fabrieke, hotelle, winkels, geboue waar voedsel verwerk word, hospitale, skole, melkerye, varkhokke en perdestalle, hoender- en hondehokke, vullishope en soortgelyke plekke waar 'n hoë mate van higiëne vereis word.

**Pluimveegebruike:**

- **Pluimveehokke**: Vir effektiewe beheer van die Alfitobius-kewer moet veral aandag gegee word aan die kewer se moontlike wegkruipplekke soos krake en holtes. Verseker goeie benatting van sulke oppervlakke asook vertikale oppervlakke tot op 'n hoogte van ten minste een meter vanaf die grond. Indien *Alfitobius*-kewers alreeds gevestig geraak het in die mure en ander beskermende plekke, sal **FENDONA 6** die getalle beheer maar NIE ten volle uitwis nie.
- **Braaikuikenhokke:** Bespuiting moet geskied nadat die hokke ontruim, skoongemaak en ontsmet is maar voordat 'n nuwe groep kuikens hervestig word.
- **Lêhokke:** Bespuiting moet gereeld plaasvind. Die tyd tussen behandelings sal afhang van die oppervlak wat bespuit word. Mis en afvalhope sal meer dikwels bespuit moet word. Nuwe en leë hokke kan behandel word VOORDAT henne daarin geplaas word. SORG DAT DIE VOËLS NIE DIREK RAAKGESPUIT WORD OF DAT SPUITNEWEL NA HULLE OORWAAI NIE.

**Malariavektorbeheer:**

**Oppervlakbespuitings**

- Gebruik ‘n spuit wat toegerus is met ‘n spuitkop wat growwe druppels teen ‘n lae druk kan lewer. Moet nie teen ‘n te hoë druk toedien, wat ‘n fyn mis sal lewer nie.
- Verseker dat alle oppervlakke deeglik benat word. Alle krake, holtes en moontlike wegkruipplekke van muskiete moet veral aandag kry.
- Wag todat die bespuite oppervlakke droog is voordat die bespuite gebied weer binnegegaan word.

**Bednette**

- Alle nette moet gewas en droog wees voor behandeling. Sommige nuwe nette is gestyf, en moet ook eers gewas word. Spoel nette goed uit om van alle seep ontslae te raak, omdat seep-residue in die materiaal die na-werking van **FENDONA 6** kan beïnvloed.
- Die volume **FENDONA 6** wat benodig word vir die behandeling van ‘n bednet is afhanklik van die lengte van beheer benodig, asook die grootte van die bednet.

| Maande van beheer benodig (dosis aktiewe materiaal) | Enkel bednet (±12 $m^2$) | Dubbel bednet (±16 $m^2$) | Konings-grootte (±20 $m^2$) | Konings-grootte (±24 $m^2$) |
|---|---|---|---|---|
| 4 – 6 maande (20 mg a.b. / $m^2$) | 4 mℓ | 5.5 mℓ | 6.5 mℓ | 8 mℓ |
| meer as 9 maande (40 mg a.b. / $m^2$) | 8 mℓ | 10.5 mℓ | 13.5 mℓ | 16 mℓ |

- Die volume water wat benodig word om ‘n bednet goed te benat, is afhanklik van die grootte, die materiaal waaruit dit gemaak is en die vorm van die net. Vir sintetiese materiaal, soos poli-ester word algemeen 30 mℓ spuitmengsel / $m^2$ benodig en vir katoen tussen 130 en 150 mℓ / $m^2$.
- In die tabel hieronder, word ‘n algemene riglyn gegee van die water wat benodig word om verskillende bednette deeglik te benat (dit word egter aanbeveel om die korrekte volume water vir elke tipe bednet te bepaal voordat dit behandel word).

| Materiaal | Enkel bednet (±12 $m^2$) | Dubbel bednet (±16 $m^2$) | Konings-grootte (±20 $m^2$) | Konings-grootte (±24 $m^2$) |
|---|---|---|---|---|
| Sinteties (bv. Poli-ester) | 360 mℓ | 480 mℓ | 600 mℓ | 720 mℓ |
| Katoen | 1700 mℓ | 2250 mℓ | 2800 mℓ | 3400 mℓ |

**Menginstruksies vir die behandeling van bednette.**

- Gebruik ‘n geskikte houer / emmer / skottel of sak, wat groot genoeg is om die bednet asook die volume water te hou.
- Behandel die nette in ‘n goed geventileerde vertrek, verkieslik buitekant, en maak gebruik van handskoene.
- Vul die houer met die verlangde volume water, en voeg die nodige volume **FENDONA 6** by (vir volumes benodig kyk tabelle hierbo).
- Doop die net in die mengsel todat dit deurweek is.
- Verwyder die net en laat toe dat enige oortollige oplossing terug drup in die houer. (Indien die korrekte volume mengsel gebruik is, sal net ‘n klein volume oorbly).
- Laat toe dat die net droog word deur dit plat op ‘n bed of beddegoed neer te lê (op dié manier word weeluise ook beheer). Dit kan ook buite in die skadu, op plastiek neergelê word.
- Hang dit bo-oor die bed sodra dit droog is.
- Nadat die bednette behandel is, moet hande, arms en die houers gewas word. Doen weg met die waswater op so ‘n manier dat dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Indien die net gewas word nadat dit behandel is, sal die beheer nie dieselfde wees nie en word aanbeveel dat die behandeling herhaal word.
- **FENDONA 6** sal nie bednette vlek of ‘n reuk nalaat nie. Nette sal ook nie meer vlambaar wees nie.
- Vir die gelyktydige behandeling van ‘n aantal identiese nette, vermenigvuldig die volume water sowel as die volume **FENDONA 6** wat vir een net benodig word, met die aantal nette wat behandel wil word.

Alle toedienings moet gemaak word met geskikte toerusting wat in goeie werkende toestand en korrek gekalibreer is ten einde die verlangde bedekking te gee vir die betrokke toedieningsmetode.

| PLAAG | DOSIS | TOEDIENINGSVOORSKRIFTE |
|---|---|---|
| **VELLE EN HUIDE**<br>Velkewerlarwes<br><br>Volwasse velkewers | 35 mℓ / 10 ℓ water<br><br><br>35 mℓ / 10 ℓ water | **Velle en huide:** Benat alle dele deeglik. Herhaal die behandeling elke 3 maande of indien nodig.<br><br>**Opbergingsperseelvloere, -mure en ander oppervlakke:** Dien die spuitmengsel tot punt van afloop toe. Herhaal die behandeling elke 3 maande of indien nodig. |
| **VOLWASSE MUSKIETE**<br>(Malariavektore ingesluit) | <br><br><br><br><br>40 – 85 mℓ / 10 ℓ water<br>(12 – 25.5 mg a.b. / m²)<br><br><br><br><br><br><br>160 mℓ / 10 ℓ water<br>(50 mg a.b. / m²)<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>20 mg a.b. / m²<br>OF<br>40 mg a.b. / m² | Verskeie maande van beheer kan binnenshuis verwag word teen die hoër dosis (160 mℓ / 10 ℓ water), en tussen 4 – 6 weke beheer teen die laer dosisse. Die lengte van beheer word bepaal deur die dosis toegedien en die betrokke oppervlak wat behandel word. Kyk ook **Algemene Aanwysings** onder **GEBRUIKSAANWYSINGS** hierbo.<br><br>Dien as 'n growwe bespuiting toe op oppervlakke waar insekte sit en waar bespuiting elke 4 – 6 weke herhaal kan word. Dien tot die punt van afloop toe. Gebruik die hoër dosis onder hoë infestasiedruk of waar langer periodes van beheer tussen toedienings verlang word. Herhaal indien nodig.<br><br>**MALARIAVEKTOR – OPPERVLAKBESPUITINGS**<br><br>Word aanbeveel as 'n oppervlakbespuiting op growwe oppervlakke (soos klei-, baksteen- binne- en buitemure, dakke en grasdakke). Gebruik hierdie dosis waar toedienings net een of twee maal gedurende die malaria infeksie periode van Oktober tot Mei gemaak kan word. Dien as 'n growwe bespuiting toe, deur gebruik te maak van 50 mℓ spuitmengsel / m².<br>Indien die oppervlakke wat behandel sal word glad is, soos glas of hout, sal minder water benodig word, om die punt van afloop te bereik, (25 mℓ spuitmengsel / m²). In hierdie geval moet 330 mℓ **FENDONA 6** / 10 ℓ water gebruik word om dieselfde konsentrasie , nl. 50 mg / m² te verkry.<br><br>**BEDNETBEHANDELING**<br><br>Meng die benodigde volume **FENDONA 6** met genoeg water om die bednet deeglik te benat en doop die bednet in hierdie oplossing. Gebruik die hoër dosis vir langer beheer.<br><br>Verwys na tabelle hierbo om die korrekte volume **FENDONA 6,** asook volume water te bepaal, wat benodig word vir bednetbehandeling.<br>Vir verdere inligting kyk ook onder **Algemene aanwysings** onder **GEBRUIKSAANWYSINGS** hierbo. |
| **OPENBARE GESONDHEID**<br>Kakkerlakke<br>(amerikaanse en duitse)<br>Miere, Vismotte, Vlooie, Weeluise<br>Volwasse perdevlieë<br>Volwasse vlieë. | 40 – 85 mℓ / 10 ℓ water | Wend as 'n growwe bespuiting aan of dien met 'n kwas aan krake, holtes en enige plek waar insekte mag wegkruip toe of op oppervlakke waaroor insekte mag beweeg of op gaan sit. Dien tot punt van afloop toe. Gebruik die hoër dosis onder hoë infestasiedruk of waar langer periodes van beheer tussen toedienings verlang word. Herhaal indien nodig. |
| **PLUIMVEE-HOKKE**<br>Kleinmeelwurm /<br>Alfitobius-kewer en -larwes<br>(*Alphitobius diaperinus*) | 40 – 85 mℓ / 10 ℓ water | Wend aan binne-oppervlakke van hokke as 'n growwe bespuiting toe en verseker goeie benatting van vloere, mure en alle ander oppervlakke waar kewers mag voorkom. Herhaal indien nodig. Dien hoër dosis toe waar langer periodes van beheer verlang word of waar hoë infestasie voorkom. Sien ook **Algemene aanwysings** hierbo. SORG DAT DIE VOËLS NIE DIREK RAAKGESPUIT WORD OF DAT SPUITNEWEL NA HULLE OORWAAI NIE. |

BASF
The Chemical Company

# FENDONA® 6

Reg. No. L 5678; Act No 36 of 1947 **N-AR 0729**
W 130 053
For full particulars, see enclosed leaflet.
**A long lasting suspension concentrate contact and stomach insecticide for the control of malaria vectors, nuisance and biting flies, cockroaches (american and german), bedbugs, fleas, mosquitoes, hide beetle larva, fishmoths, stableflies, ants and Alphitobius larva and -beetle.**
Active ingredient: Alpha-cypermethrin (Pyrethroid) ............ 60 g / ℓ

Reg. Nr. L5678 Wet Nr 36 van 1947
**’n Suspensiekonsentraat kontak- en maaginsekdoder met ’n lang nawerkende aksie vir die beheer van malariavektore, hinderlike- en steekvlieë, kakkerlakke (amerikaanse en duitse), weeluise, vlooie, vismotte, muskiete, velkewerlarwes, perdevlieë, miere en Alphitobius-kewer en -larwe.**
Aktiewe bestanddeel: Alfa-sipermetrien (Piretroïed) .......... 60 g / ℓ

**Registered by / Geregistreer deur:**
BASF South Africa (Pty) Ltd.
(Co. Reg. No. / Mpy. Reg. Nr. 66/10235/07)
P.O. Box / Posbus 2801, Halfway House, 1685

**Manufactured and formulated by / Vervaardig en geformuleer deur:**
BASF Agro BV Arnhem (NL), Waedenswil Branch
Moosacherstraße 2, CH-8820 Waedenswil, Switzerland

**EMERGENCY NUMBER / NOODNOMMER 082-893-3643**
**UN / VN No: 3082** **App. code 22 / 01 / 01**

**1 ℓ**





**Batch Number / Lotnommer:**

**Date manufactured / Datum vervaardig:**

4 014348 441803

® Registered Trademark of BASF / Geregistreerde Handelsmerk van BASF

81037384 ZA 0118

